# DIE DRAAGKRAG VAN DIE GELOFTES VAN 1838 EN 1880

*deur*

Ds. C. J. Mans

## I. Enkele opmerkings vooraf:

### a) Die historiese agtergrond van die geloftes:

Die historiese agtergrond van die gelofte van 1838 is goed bekend. Slegs hier en daar is daar onsekerheid oor kleinere puntjies soos byvoorbeeld by wie die idee van die gelofte opgekom het en waar dit presies afgelê is.

Die historiese agtergrond van die gelofte van 1880 is egter minder duidelik. **Jorissen** [1] en **Van Dam** [2] maak daarvan geen melding in hulle herinneringe van die gebeure van daardie bewoë stuk geskiedenis van die Transvaal nie en selfs ook nie die heel resente werk van **Krüger** [3] oor Paul Kruger nie. Sover ons kon vasstel word dit alleen vermeld in die Herinneringe van **P. Joubert** [4]. Daar word hier egter nie uitspraak gegee oor die egtheid of onegtheid van die gelofte van 1880 nie. Vir die opset van hierdie skripsie word daar gehandel asof dit eg is.

### b) Die teks van die twee geloftes.

Die teks van die gelofte van 1838 wat algemeen aanvaar word, is die volgende: [5]

*„Broeders en Landgenoten! — Hier staan wij voor die Heilige God van Hemel en Aarde, om een belofte aan Hem te beloven dat, als Hij met zijn bescherming met ons wezen zal en onze vijand in onze hand zal geven, wil dan die dag en datum immer als een dankdag, so als een Sabbat tot zijn eer zullen vieren. Dat wij aan onze kinderen zullen zeggen, dat zij met ons erin moeten delen, tot gedachtenis ook voor*

---

[1]) E. J. P. Jorissen, **Transvaalsche Herinneringen** 1876-1896, Amsterdam-Pretoria 1897.

[2]) G. M. J. van Dam, **Herinneringen.** Ongepubliseer. Kerkargief, Pretoria.

[3]) D. W. Krüger. **Paul Kruger,** Deel I. Johannesburg 1961.

[4]) H. T. C. Pieterse. **Volksaltare, Herinneringe van P. J. Joubert,** Kaapstad 1940. bls. 12 en 13.

[5]) Die presiese woorde van Celliers is nie aangeteken nie. Bantjies en Pretorius se weergawe van die gelofte bevat ook nog die gedeelte „'n Huis tot Zijn grote Naams gedachtenis te stichten. alwaar dit Hem zal behagen". Sarel Celliers se optekening van die gelofte in sy **Joernaal** bevat hierdie woorde nie. Vergelyk Gustav S. Preller. **Andries Pretorius** 1937, bls. 36 en 37. G. B. A. Gerdener, **Sarel Celliers,** Pretoria 1925, bl. 121.

*onze opkomende geslachten. Want de Here Gods zal erdoor verheerlijkt worden, dat Hem de roem en de ere van de oorwinning worde gegeven".*

Die teks van die gelofte van 1880 wat hierna volg, is ontleen aan die Program van die Paardekraalse Geloftefees van 1960 :

*„In de tegenwoordigheid van den Almachtigen God den kenner aller harten, onder biddend opzien om zijn genadige hulp en ontferming, zijn wij, Burgers der Zuid-Afrikaansche Republiek, plegtig overeengekomen, gelijk wij bij dezen overeenkomen, om voor ons en onze kinderen een heilig verbond op te richten, hetwelk wij met plegtigen eed bezweren.*

*Ruim veertig jaren is het gelden, dat onze vaderen de Kaapkolonie ontvlucht zijn, om een vrij en onafhanklijk volk te worden. Deze veertig jaren waren veertig jaren van smarte en lijden.*

*Wij hebben Natal, den Oranje-Vrijstaat en de Z.-Afrikaansche Republiek gesticht en driemalen heeft de Engelsche regering onze vrijheid vertrapt.*

*En onze vlag, die onze vaderen met hun bloed en tranen gedoopt hebben, van den grond neergehaal.*

*Als door een dief in den nacht is onze vrije Republiek weggestolen. Wij kunnen en wij mogen dat niet dragen.*

*God wil, dat de eerbied onzer vaderen en de liefde jegens onze kinderen ons voorschrijft, het erfpand der vaderen ongeschonden aan onze kinderen over te leveren.*

*Daarom is het dat wij hier bijeentreden en dat wij elkander de hand geven, als manne broeders, plegtig belovende, trouw te houden aan ons land en volk en met het oog op God zamen te werken, tot den dood toe, voor de herstelling van de vrijheid onzer Republiek.*

*Zoo waarlijk helpe ons God Almagtig!*

## II. Die begrip „gelofte" in die Bybel :

Die begrip „gelofte" kom dikwels in die Bybel voor. Sonder om breedvoerig in te gaan op elke teks, kan die volgende hoofmomente aangestip word :

a) 'n Gelofte kan deur 'n gelowige of gelowiges **voor** God se aangesig afgelê word. God is dan die getroue Getuie van so 'n gelofte wat onder die aanroeping van sy Naam met 'n eed afgelê word. (Vergelyk bv. Gen. 31:50; 1 Sam. 12:5; Jer. 42:5; Miga 1:2; Rom. 1:9; 2 Kor. 1:23; 1 Thes. 2:5 en 10). Soos ons later sal aantoon, kan die gelofte van 1880 as so 'n gelofte-eed — beter miskien: belofte-eed — beskou word.

In so 'n belofte-eed mag nie iets beloof word wat onwettig of onmoontlik is nie. (Vergelyk bv. Joh. 14:7-9 en Hand. 23:12.) In so 'n geval is die aflegging van die belofte-eed sonde.

Word 'n wettige gelofte egter gebreek, word 'n eed, in God se Naam gemaak verbreek wat beteken dat God getuie van 'n leuen gemaak word. So word sy heilige Naam gelaster.

b) Sekere geloftes kan ook **aan** God gemaak word en dien in die meeste gevalle om die gebed voor God te versterk. By so 'n gelofte word die erns as't ware verdubbel: Dit is nie net **voor** God nie, maar ook aan God gemaak. Dit gaan nie net om die heiliging en eer van sy Naam as die troue Getuie nie, maar om die betaling van die gelofte self aan die Here van hemel en aarde.

Die gelofte van 1838 was so 'n gelofte wat voor God maar ook aan God gemaak is.

c) Die gelofte aan God en die belofte voor God is in tye van groot nood, gevaar of kommer gemaak: Israel maak 'n gelofte aan God as koning Arad hulle aangeval en sommige van hulle as gevangenes weggevoer het (Numri 21:2) of Jefta as die kinders van Ammon Israel bedreig (Rigt. 11:30) of Hanna in die nood van kinderloosheid (1 Sam. 1:11).

d) In die Bybel is daar ook uitsprake oor die **subjek** van die gelofte en oor die **duur** daarvan.

   i. Die gelofte kan **persoonlik** wees en net die betrokke persoon bind soos byvoorbeeld die gelofte van Jakob (Gen. 28:20), die gelofte van Jefta en die gelofte van Paulus (Hand. 18:18).

   ii. 'n Gelofte kan, wat sy duur betref, tydelik wees sodat dit verval wanneer dit vervul is soos byvoorbeeld die

gelofte van die nasireërskap (Numri 6:5) en die gelofte van die samesweerders van Paulus (Hand. 23:13-14).

iii. 'n Gelofte kan ook **ander mense** insluit. Hanna se gelofte lê byvoorbeeld 'n verpligting op haar nog ongebore kind (1 Sam. 1:11). Die doopbelofte bind die kinders wat die gelofte nog nie verstaan wanneer dit afgelê word nie.

iv. Die Bybel ken ook verbonde en geloftes wat nie net een geslag nie, maar **alle geslagte** bind en **al die lede** van 'n volk insluit. Dit geld veral ten opsigte van verbonde of geloftes wat inhou dat 'n ganse volk in sy geslagte onderneem om die Here te dien. Van die verbond tussen God en Israel, is God weliswaar die Stigter, maar Israel se aanvaarding van die beloftes van die verbond, verbind die ganse Israel in al sy geslagte. Van so 'n verbond wat deur Israel gesluit is, lees ons in Jer. 34:15 asook in 2 Kon. 23:3. Israel sluit 'n verbond „om die Here te volg en sy gebooie en getuienisse en sy insettinge met die hele hart en met die hele siel te onderhou, om die woorde van hierdie verbond wat in hierdie boek geskrywe is, te bevestig". Daar word dan vermeld dat die hele volk toegetree het tot die verbond. In Neh. 10 lees ons dat die volk 'n verbond met God gesluit het „en onder eed en met beswering hulleself verplig om te wandel in die wet van God" (vers 29).

Dit is ook duidelik uit die Bybel (bv. Jer. 34:18) dat niemand hom strafloos kan onttrek van die gelofte wat sy voorvaders met God gemaak het nie. Hulle wat „die verbond oortree het" en „die woorde van die verbond nie gehou het nie . . . " sal die oordeel van God ontvang.

e) In die geloftes word daar „iets" aan God belowe. Die „iets" kan wyd uiteenlopend van aard wees: Hanna belowe die kind wat sy van God afsmeek, aan God. 'n Mens kan ook jou persoon aan God oorgee en die gelofte dan met geld afkoop nadat die waarde daarvan deur die priester geskat is volgens voorskrif (Lev. 27:1-8). Israel belowe om die stede van koning Arad met die banvloek te tref (Numri 21:2). 'n Persoon of volk belowe om vir God te dien.

Agter die „iets" wat belowe word, sit nie die heimlike plan om vir God te koop nie. Eichrodt [6]) sê dat 'n mens miskien nog by Jakob se gelofte die indruk mag kry dat hy

[6]) W. Eichrodt, **Theologie des Alten Testaments,** Stuttgart 1959, S. 87.

eers seker wil maak van die reddingswerk van God voordat hy self iets van sy kant gee maar by Hanna se gelofte kry 'n mens 'n totaal ander beeld :

> „Hier ist es der Ausdruck des innigsten Vertrauens, das sich im Ausschütten der Seele vor Gott bekundet und zu völliger Erhörungsgewiszheit vordringt. Es kommt dabei zum vorschein, dasz im Gelübde die unreflektierte Uberzeugung lebt, dasz Gottes Gaben den Mensch nicht nur zu Worten, sondern zu einer Tat des Dankes verplichten, und dasz die Aussprache der Bereitwilligkeit dazu gerade ein Ausdruck der rechten Herzenstellung des Beters und seines ernsten Bewusztseins um die Gnade der Erhörung ist".

Daar kan dus geen sprake daarvan wees dat die gelofte uitoefening van magiese dwang op God is nie. Die gebed by die gelofteoffer, soos ons voorbeelde daarvan het in Pss. 66, 22:23 en Pss. 107 en 116, met sy vreugdevolle belydenis van die reddende God, is juis 'n duidelike getuienis van 'n lewende geloof en nie van geloof-in-verval nie. Israel verbind hom dankbaar aan die beloftes van die verbond omdat hy in sy geskiedenis die genadevolle koningsheerskappy van die Verbondsgod beleef het.

f) Alle wettige geloftes moet verseker betaal word. Dit skerp die Bybel by herhaling in veral in Ps. 76:12 en Pred. 5:3 wat ook deur die Voortrekkers voor die maak van die gelofte ernstig oorweeg is. Alleen wanneer 'n mens betaal wat hy voor God of aan God beloof het, is sy godsdiens nie 'n leë spel nie. Alleen dan word met God erns gemaak. Die maak van 'n gelofte is vir die Bybel 'n ernstige saak daarom waarsku hy :

> „Wees nie haastig met jou mond nie en laat jou hart nie gou 'n woord uitbring voor die aangesig van God nie : want God is in die hemel, en jy op die aarde. Daarom moet jou woorde min wees" (Pred. 5:1).
>
> „Dit is beter dat jy nie belowe nie, as dat jy belowe en nie betaal nie" (Pred. 5:4).

g) 'n Ander belangrike element wat by die betaling van die geloftes in die Bybel navore kom, is die openbare betuiging van die reddende hulp van God. Die gelofteliedere soos byvoorbeeld Pss. 66 en 116 is mooi voorbeelde daarvan. Die reddende hulp van God word nie net voor God nie, maar

ook **voor die mense** bely (Vergelyk Ps. 66:16). Dit is vir hom 'n dringende aangeleentheid om dit wat hy in die intieme sfeer van sy persoonlike lewe ervaar het, aan die volk van God deur te gee

> „den alle sollen es in gleicher Lage so machen wie er, alle sollen es wagen mit jahwe". [7])

Om te swyg, sou beteken dat iets wat aan die volk van God toekom, van die volk weerhou word.

By die nadere ondersoek van die twee geloftes, sal dit blyk dat die manne die geloftes woord vir woord afgeweeg het in die lig van hierdie Bybelse getuienis.

III. **Oor die plek waar daar in die orde van die dogmatiese denke oor „geloftes" gespreek moet word.**

Teneinde die „plek" te bepaal in die orde van die dogmatiese denke waar daar oor geloftes gepraat moet word, moet ons eers kortliks handel oor die Roomse leer betreffende geloftes en die kritiek van die Reformatore daarop vanuit die leerstuk van die regverdiging van die sondaar deur die geloof alleen.

A. **Die Roomse leer oor geloftes :**

Die Roomse leer oor geloftes is ingebed in die gedagte van die **opera supererogationis** en die leer van die **merita** wat daarop gebou is. Rome onderskei in sy leer van die dubbele sedelikheid tussen **praecepta divina,** wat vir alle mense bindend is, en **consilia evangelica** (of **perfectionis**) wat nie vir alle mense bindend is nie. Laasgenoemde omvat veral die drie monnike-geloftes nl. armoede, geslagtelike onthouding en gehoorsaamheid aan die hoëre geestelikes. Die goeig werke wat in hierdie geloftes vervat is, is **a Christo nobis non imperatum, sed demonstratum; non mandatum sed commendatum.** Daarmee verkeer die monnike in 'n posisie om tot volmaaktheid te geraak, want deur meer te doen as wat Christus beveel het, het hulle besondere verdienste. Ook die gewone leke kan sulke oorvloedige goeie werke doen deur byvoorbeeld vir hom swaarder straf op te lê of meer gebede, vaste en aalmoese te bring as wat die kerk as verpligtend stel.

Rome staan veral op twee voorwaardes nl.:

i) die gelofte moet **de meliore bono** wees, en

ii) dat die gelofte self nie reeds verpligtend moet wees nie

---

[7]) G. von Rad, **Theologie des Alten Testaments,** Band I. München 1961, S. 556.

sodat die sfeer van die verpligting deur die gelofte uitgebrei word.

B. **Die beskouing van Luther:**

Luther [8]) wou dat alle geloftes liewer afgeskaf sou word, want deur daarin die aksent te laat val op die goeie werke, word „die domme gepeupel mislei" tot groot nadeel van hulle geloof, die vergeet van hulle doop en die beskadiging van die christelike vryheid.

As iemand egter vir homself, na eie goedvinde (om die gelofte nie heeltemal te verag of te veroordeel nie), 'n gelofte wil aflê, dan mag hy dit op sy eie risiko doen. 'n Algemene of voortdurende lewenswyse mag daarmee egter nie vasgelê word nie. Die kerklike owerhede moet liewers alle geloftes en die leefwyse van mense wat deur geloftes gebind is, ophef. Ons het immers 'n oorvloed van geloftes gemaak in die doop, meer as wat ons in vervulling kan laat gaan en ons sal net dan al heeltemal genoeg werk hê as ons al ons kragte inspan om dit te doen.

C. **Die leer van Calvyn:**

Calvyn [9]) leer dat aan twee grondbeginsels vasgehou moet nl.

i) dat alles wat nodig is vir die ordening van 'n vroom en heilige lewe, in die wet saamgevat is en
ii) dat God, om ons weg te roep van die fabrisering van nuwe werke, die totaliteit van die regverdigmaking in die eenvoudige gehoorsaamheid aan sy wil omvat het.

Uit hierdie twee stellings is dit duidelik dat alle wyses wat deur die mens uitgedink is om vir God te dien, vir Hom onbehaaglik is. Van hieruit ontstaan ook die vraag na die geloftes wat sonder enige uitdruklike gesag van die Woord van God gemaak word. Kan hulle met reg gemaak word en in hoeverre is hulle bindend?

Calvyn sê dat om te kan onderskei tussen regte en verkeerde geloftes, drie dinge oorweeg moet word:

a) aan Wie die geloftes gemaak word,

b) wie ons is wat die geloftes maak en

c) met watter bedoeling ons dit maak.

---

8) Vergelyk Luther se Babiloniese Gevangenskap van die Kerk en daarin die hoofstuk oor Die Sakrament van die Doop.

9) Vergelyk Inst. IV, 13, 1-8.

a) Die geloftes word aan God gemaak. God het egter 'n behae in gehoorsaamheid maar haat alle eiewillige godsdiens (Kol. 2:23). Hy kan daarom alleen gedien word op die wyse wat deur sy Woord goedgekeur word. Dan mag niks aan Hom belowe word sonder enige getuienis dat dit vir Hom welbehaaglik is nie. Die leer van Paulus dat alles wat nie uit die geloof is nie, sonde is (Rom. 14:23) moet toegepas word op alle menslike handelinge en dan veral ook daar waar die gedagtes direk op God gerig is. En as ons dwaal in die kleinste sake soos byvoorbeeld voedsel, wanneer die vaste lig van die geloof nie voor ons uit val nie, hoeveel te meer moet ons nie beskeidenheid beoefen wanneer ons 'n saak van die allergrootste gewigtigheid aandurf nie? In geen ander saak behoort ons immers so ernstig te wees as in die pligte van die godsdiens nie. Daarom moet by die aflê van geloftes dit die eerste voorsorgmaatreël wees dat ons in die gewete versekerd is dat ons niks onbedagsaam doen nie. En van die gevaar van onbedagsaamheid kan ons slegs bewaar word wanneer God voor ons uitgaan en as't ware uit sy Woord vir ons dikteer wat goed en wat nutteloos is.

b) Wanneer ons let op onsself wat die geloftes maak, moet ons aggee op ons kragte, let op ons roeping om so die weldaad van die vryheid wat God ons geskenk het, nie te verontagsaam nie. Wie belowe wat nie in sy vermoë is nie of wat instryd met sy roeping is, is onbedagsaam. Die beloftes moet aangepas wees aan die grense wat God se gawes aan ons stel. Deur meer te probeer doen as wat 'n mens kan, is selfoorskatting en dit lei tot val. Wat in die geloftes belowe word, mag ons nooit hinder in die uitvoering van ons roeping nie.

c) Laastens moet ons ook let op die doel en die gesindheid waarin die geloftes gemaak word want God let nie op die uiterlike skyn nie, maar deurvors die harte. Asgevolg van die verskillende oogmerke wat daar by die mens aanwesig is, kan die selfde saak nou vir God welgevallig wees en dan weer nie. As iemand byvoorbeeld van wyn sou afsien omdat hy in daardie daad een of ander heiligheid sou sien, is dit 'n bygelowige onderneming. Is daar egter 'n wettige doel, kan niemand dit afkeer nie. Calvyn noem vir oogmerke waarop geloftes ten regte gerig kan wees nl.

i) dade van dankbaarheid vir ontvange genade. Dit is nie iets vreemds aan die plig van die gelowige om 'n gelofteoffer, as 'n openlike teken van erkentlikheid, aan God te wy nie sodat hy nie ondankbaar blyk te wees ten

opsigte van God se goedertierenheid nie. Sulke geloftes mag vandag ook deur ons gebruik word wanneer God ons verlos het uit een of ander ramp, nood of ernstige siekte;

ii) Dade uit boetvaardigheid waarin ons van onsself straf afeis weens begane misdade om God se toorn smekend af te wend;

iii) dade wat daarop gerig is om ons versigtiger te maak en

iv) dade om te dien as 'n soort stimulus by die uitvoering van ons pligte.

Netsoos Luther stel Calvyn dat daar een gelofte is wat gemeenskaplik is aan alle gelowiges nl. die Doop wat deur ons bevestig en as't ware bekragtig word by ons katkisasie en ons deelname aan die Nagmaal.

Alhoewel Calvyn niks wil voorskryf ten opsigte van getal of tyd nie, stel hy tog as sy advies, dat 'n mens alleen geloftes sal maak wat sober en tydelik van aard is. Daar moet ook nie baie beloftes gemaak word nie want die veelheid sal die plegtigheid van die geloftes verlore laat gaan en die gelowige in bygeloof laat verval. 'n Gelofte wat vir lewenslank gemaak is, word naderhand met groot moeite en teësin betaal en omdat die lang onderhouding daarvan afmattend is, kan dit daartoe lei dat 'n mens dit selfs sal waag om dit te skend.

Die Reformatore kan dus nie so soos Rome oor die geloftes praat nie en dit is ook vir hulle onmoontlik om daaraan so 'n hoë waarde soos Rome toe te skrywe. Hulle bekyk die Roomse moraalteologie met sy twee dimensies van natuur en genade waarin ook die leer van die gelofte as **actus bonus et supernaturalis** ingebed is, vanuit die Bybelse stelling dat die sondaar alleen deur 'n opregte geloof in Christus voor God geregverdig kan word. Die goeie werke van die mens, dit wil sê ook sy geloftes, kan nie sy geregtigheid voor God „of 'n deel daarvan wees nie". „Die beste werke" van die mens, dit is die gelowige mens, bly in hierdie lewe „almal onvolkome en met sonde bevlek" [10]) Daar kan nooit — ook ten opsigte van die geloftes — gepraat word van „loon naar prestatie" [11]) nie. Die geloftes besit geen inherente goedheid wat deur God beloon moet word

[10]) Vergelyk Die Heidelbergse Kategismus vraag 62.

[11]) Th. L. Haitjema, **De Heidelbergse Catechismus,** Wageningen 1962, blz. 166.

en gevolglik die mens se bydrae is vir sy regverdiging voor God nie, maar hulle is soos alle ander goeie werke, werke wat uit dankbaarheid vir die verlossing wat van God ontvang is ,gedoen word. God wil hulle seker ook beloon, maar hierdie loon sal alleen genadeloon kan wees.

Daarmee is ook reeds klaar uitspraak gegee oor die „plek" waar daar in die dogmatiese denke oor geloftes gepraat moet word nl. onder die stuk van die dankbaarheid. Daar kan ons dit verbind aan die derde gebod [12]) en aan die gebed. Dit is 'n stuk christelike lewe wat in die vryheid van die kinders van God dankbaar tot sy eer en die verheerliking van sy Naam geleef mag word.

IV. **Die twee geloftes van naderby beskou :**

A. **Kritiese opmerkings oor „gelofte" as benaming vir „Die Gelofte van 1880".**

In die program van die Paardekraalse Geloftefees van 1960 lui die opskrifte „Gelofte 1838" en „Gelofte 1880".
In die lig van die Bybelse gegewens wat hierbo behandel is, is dit egter nie moontlik om die naam „gelofte" sonder voorbehoud aan die een van 1880 te gee nie. Hulle lê duidelik nie op die selfde vlak nie.

Die gelofte van 1838 lees :

> „Hier staan wij **voor de Heilige God** . . . om een belofte **aan Hem** te beloven . . . "

En die gelofte van 1880 lees :

> „In de **tegenwoordigheid van . . . God . . .** zijn wij, burgers der Zuid-Afrikaansche Republiek, plegtig overeengekomen, gelijk wij bij deze overeenkomen, **om voor ons en onze kinderen een heilig verbond** op te richten hetwelk wij met plegtigen eed bekweren".

Hierdie „heilig verbond" is nie 'n verbond wat hulle met God sluit nie, maar **'n verbond met mekaar in die teenwoordigheid van God gesluit en met 'n eed in sy Naam bevestig**. Dit is ook duidelik uit die inhoud : hulle gee „elkander de hand" en „beloven plegtig . . . trouw te houden aan ons land en volk en met de oog op God zamen te werken, tot den dood toe, voor de herstelling van de vrijheid onzer Republiek".

Dit is duidelik : Pretorius en sy burgers staan voor God en

12) So bv. Charles Hodge, **Systematic Theology**, Vol. III, 1952, p. 815.

beloof direk aan God 'n belofte en rig so 'n volwaardige gelofte op wat direk aan God betaal moet word. Die burgers by Paardekraal staan in die teenwoordigheid van God, dit wil sê met God self as die Getuie tussen hulle, en rig met mekaar 'n verbond op waarin dit wat hulle belowe nie direk aan God nie, maar aan mekaar, voor God, betaal moet word. Aan God, as die Getuie van hierdie verbond, is hulle verskuldig om te betaal wat hulle aan mekaar belowe het.

Op grond van die verskil moet miskien liewers 'n ander naam vir die een van 1880 gesoek word.

Tog lê daar tussen die twee „geloftes" 'n noue verband wat nie geïgnoreer kan word nie. Jorissen [13]) vertel in sy Transvaalsche Herinneringen dat die byeenkoms te Luipaardsvlei in 1879 saamgeval het „met den verjaardag van de grote overwinning, 16 December 1838, in Natal op Dingaan behaald, en sinds bijna geregeld den 16de December van elk jaar, als openbaren feestdag gevierdt" en dan: „In de staalbad van deze herinneringen zocht en vond de vergaderden menigte den toon voor haar besluiten". En as die Volksvergadering weer in Desember 1880 byeen is, is daar 'n klipstapel gepak „en sonder uitsondering het die burgers geglo dat hierdie daad 'n vernuwing van die gelofte van 1838". [14]) Die oorwinning oor die Engelse is dan ook toegeskryf aan die „hernieuwing" van die gelofte van 1938 te Paardekraal. [15]) Veral by Majuba het dit „vir die gelowige wêreld van daardie tyd . . . geskyn of God self die strydperk betree het". [16])

Dit lyk dus asof die saak so moet voorstel dat met die klipstapeling te Paardekraal die gelofte van 1838 in daardie noodsituasie van ons geskiedenis hernu en bevestig is en dat hierdie gelofte en sy hernuwing die fondament is waarop die „heilig verbond" van Paardekraal ontstaan het as 'n eed van trou aan volk en vaderland en 'n verbintenis om tot die dood toe te stry vir die herstel van die verlore vryheid.

B. **Het die Voortrekkers van 1838 en die burgers van 1880 die volle erns en verantwoordelikheid van die maak van 'n gelofte aan God en van 'n verbond in sy teenwoordigheid besef?** Het hulle besef met Wie hulle dit in hierdie twee handelinge te doen

---

[13]) Vergelyk Jorissen, a.w. blz. 49.
[14]) Marius J. Swart. Geloftedag, Kaapstad-Pretoria 1961, bl. 22.
[15]) Swart, a.w. bl. 23.
[16]) Krüger, a.w. bl. 233. Vergelyk ook op bl. 229 die dagorder wat Paul Kruger op die verootmoedigingsdag na Majuba uitgevaardig het.

het en wie hulle is wat so in die teenwoordigheid van God, met God en met mekaar gepraat het?

Dit lyk nie asof op hierdie vrae anders as bevestigend geantwoord kan word nie.

Eerstens blyk dit uit die geskiedenis van die totstandkoming van die gelofte van 1838 dat die Voortrekkers nie ligtelik tot die maak van die gelofte oorgegaan het nie. Die saak is eers vooraf deeglik oorweeg. Sarel Cilliers vertel in sy **Joernaal** dat hy en Pretorius baie ernstig met mekaar gepraat het oor die geloftes wat persone in die Bybel met God gemaak het en dat in hierdie gesprek ook tekste soos Pred. 5:3 en Ps. 72:12 aan die orde gekom het [17]) Die moontlikheid van die maak van 'n gelofte is waarskynlik ook eers vooraf met die kommandante bespreek en toe hulle die idee verwelkom het, is ook die gewone manskappe geraadpleeg, want Prtorius se standpunt was dat so 'n gelofte nie afgelê kan word as almal nie daaroor eens is nie. Sarel Cilliers sê [18]) dat hulle toe hulle met die burgers oor die moontlikheid van 'n gelofte gepraat het ook gewag het totdat almal teenwoordig was.

> „daar was nog een deel menschen, ook een commandant, die niet bij ons was. Ek zeide aan hem (=Pretorius) dat het uitstel moeten hebben totdat Cobus Wijs tegenwoordig was, en wij sprak toen met hem, en het was toen ook zijne begeerte dat het (dit is die gelofte) gedaan moet worden; ook de veldcornetten. Toen kwamen wij tot de besluit, dat wij de Heere, onds God een belofte plegtig zoude doen".

En toe die gelofte uiteindelik gemaak is, is dit ook duidelik aan die burgers gestel dat as iemand hom onder die gelofte beswaard sou voel, „dat die dan van deze plaats weg moeten gaan" omdat die „eere van Zijn Naam" hier in die gedrang was. [19]) Daarna is die gelofte aand vir aand in die aangodsdiens vir 'n week lank, tot die aand voor die slag van Bloedrivier herhaal.

Indien die herinneringe van Joubert [20]) korrek is, is op

---

[17]) Vergelyk Gerdener, a.w. bl. 120.
[18]) Vergelyk Gerdener, a.w. bl. 121.
[19]) Vergelyk Gerdener. a.w. bl. 112.
[20]) Vergelyk H. T. C. Pieterse, **Volksaltare**, bl. 12 en 13 — Volgens hierdie herinneringe was dit die begeerte van die Volkskomitee dat onder biddende opsien tot God 'n gelofte gemaak sou word. Piet Joubert het in die volksbyeenkoms die woord geneem en gesê dat as die gelofte in die naam van die volk gemaak moet word, dit eenparig moet wees. Die wat nie vir die gelofte was nie, moet na links beweeg en die wat wil dat dit gemaak word. na regs. Almal het toe na regs beweeg. Die gelofte is toe die volgende dag gemaak en elke burger het deelgeneem aan 'n klipstapeling as teken van sy verbintenis.

Paardekraal ook in groot erns gehandel.

Tweedens onderstreep die woorde van die „geloftes" self die erns en die verantwoordelikheid wat by die Voortrekkers en die burgers te Paardekraal aanwesig was:

„Hier staan wij voor de Heilige God van hemel en aarde . . . "

en

„In de tegenwoordigheid van den Almachtigen God, den Kenner aller harten, onder biddend opzien om Zijn genadige hulp . . . "

Dit is woorde wat gelaai is met diepe erns wat laat blyk dat daar in albei gevalle nie ligtelik en „onbedagsaam" gehandel is nie, maar dat albei noukeurig afgeweeg is in die lig van God se Woord.

C. **Wat daar in die gelofte van 1838 aan God en in die „gelofte" van 1880 voor God belowe is:**

Hierbo het ons gesien dat **Calvyn** se tweede norm ten opsigte van geloftes is dat ons moet let op onsself, op ons roeping en die vryheid wat God sy kinders skenk nie mag verontagsaam nie.

Met hierdie norm in gedagte moet ons nou vra of die voortrekkers in 1838 en die burgers van 1880, toe hulle só met God en só voor God gespreek het, nie te veel gesê het nie. Ons glo nie dat dit die geval is nie.

a) **Wat in 1838 belowe is aan God:**

Daar is hoofsaaklik drie dinge belowe:

i) „ . . . dat wij die dag en datum elk jaar als een dankdag, so als een Sabbat tot zijn eer zullen vieren . . .

ii) . . . dat wij het aan onze kinderen zullen zeggen dat zij met ons erin moeten delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten.

iii) dat wij een tempel tot Zijn eer stichten zal alwaar dit Hem zoude behagen . . . "

i) Wanneer hulle sê dat hulle elke jaar die dag „als een dankdag, so als een Sabbat tot Zijn eer Zullen vieren", dan is dit wat hulle daar belowe het nie vreemd aan, of in stryd met die vryheid en die roeping van die gelowiges nie. Die gelowige bely immers dat dit die enigste sin van sy lewe is „dat hy met sy ganse lewe aan God dankbaarheid vir sy weldade sal bewys en Hy deur hom

geprys sal word". [21])

Op die weldaad van God te Bloedrivier is net een antwoord vir die geloof moontlik „dankbetuiging voor zijn groote hulp en verlossing aan ons bewezen". So het **Sarel Cilliers** in sy **Joernaal** geskrywe en voortdurend ook sy mede-trekkers, selfs vir Pretorius, opgeroep om die gelofte van dank aan God nie na te laat nie.

Die gelofte omskrywe die godsdienstige karakter van die dankdag nog nader met die woord „so als een Sabbat". Alles wat op Sondag onbetaamlik is en nie toegelaat word nie, binne sowel as buite die kerk, is op die dankdag ook nie toelaatbaar nie. Maar soos die Sondag gegee is dat die Woord van God in sy gemeente aan die woord kan kom en sy gemeente daarna ook met Hom mag spreek, so moet op die dankdag hierdie volk sig versamel om as volk die Woord van God te hoor en dankend en lofprysend te antwoord.

Daarmee is dit ook duidelik dat die geloof in God, self die belangrikste komponent van die „wat" van die gelofte van 1838 is, al kom die woord „geloof" in die gelofte self nie voor nie.

ii) En wanneer hulle sê dat hulle „het aan onze kinderen zullen zeggen dat zij met ons erin moet delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten", dan bely hulle dat dit hulle taak as gelowige vaders is om van hulle self af weg te wys alleen net na God toe en sy groot dade aan hulle betuig, ook hierdie daad van sy barmhartigheid in die geskiedenis van hierdie volk, sodat hulle ook vir God sal prys en die roem en die eer van die oorwinning nie aan hulle vaders met hulle dapperheid, krygsvernuf en selfs geloof sal toeskrywe nie, maar dit dankkend alleen aan God sal gee. Daarom moet wanneer dit wat in die gelofte aan God belowe is, betaal word, die betaling altyd ook vergesel word van die betuiging van God se groot dade aan die opkomende geslag sowel as die oproep tot die geloof — om ook „só met God te waag soos hulle dit gedoen het".

iii) En wanneer hulle sê „dat wij een tempel tot zijn eer stichten zal alwaar dit Hem zoude behagen", dan belowe hulle daarmee nie iets buite hulle vermoë nie, maar bely hulle daarmee eerstens dat hulle toekoms, ook ten opsigte van hulle vaderland, in sy hand lê, maar dan ook dat waar hierdie aardse vaderland hier ook al mag wees, daarin ook 'n tempel, dit wil sê nie net tyd nie maar

---

[21]) Vergelyk Die Heidelbergse Kategismus vraag 86.

ook 'n plek vir die erediens van die volk van die gelofte sal wees.

b) **Wat in 1880 voor God belowe is :**

„Met plegtigen eed" is by Paardekraal „bezweren . . . . dat wij elkander de hand geven . . . , plegtig belovende trouw te houden aan ons land en volk en met het oog op God zamen te werken, tot den dood toe voor de herstelling van de vryheid onzer Republiek".

Dit is in hoofsaak 'n eed van trou aan volk (met alles waarvoor die woord staan en wat omvat kan wees in die woorde „erfpand der vaderen") en vaderland.

Maar hoe sal 'n mens nou oordeel oor 'n eed van trou aan land en volk? Het die burgers by Paardekraal in die teenwoordigheid van God, toe hulle so belowe het, nie te veel gesê nie?

Die gelowige leef uit die herinnering van die feit dat God reeds in Jesus Christus in hierdie wêreld gekom het om sy Koninkryk onder ons op te rig en in die verwagting dat God in Christus ook weer aan die einde van die tyd sal kom en dat sy Koninkryk, wat nou nog „in hierdie tyd tussen die tye" onsigbaar is, dan in sy volle heerlikheid sal deurbreek. Hier is die gelowige 'n pelgrim en vreemdeling wat verlang na sy tuiskoms in die hemelse vaderland waar sy eerste en eintlike burgerskap is (vergelyk 1 Petr. 2:11; Hebr. 11:9116 en Fil. 3:20).

Hierdie wete bepaal na twee kante toe sy houding teenoor volk en vaderland.

i) Na die een kant só dat volk en vaderland vir hom nie absolute waardes kan wees nie, nie só op hom aanspraak kan maak dat dit „wat alleen aan God toekom" (Mark. 12:17) deur hom aan volk en vaderland gegee moet word nie. Verabsolutering is hier voortdurend die bedreiging tot afgodediens.

Volk, land, vryheid, „erfpand der vaderen" is vir 'n volk hoë waardes maar die gelowige sal ten alle tye moet onthou dat die hoogste lewenswaarde vir hom in hierdie land van sy vreemdelingskap, die toekomstige dinge van God is en moet wees. Die regte lewensreël en wêreldbeskouing sal vir hom altyd die een moet wees wat die enigste Heer en Wetgewer, Jesus Christus hom leer nl. „om eers die Koninkryk van die hemele

en sy geregtigheid te soek" (Math. 6:39) as die hoogste lewenswaarde. [22])

ii) Na die anderkant : „Verbonde aan hierdie hoogste waarde het ons ook ons verhoudinge en waardes hulle sin en nut. [23]) Dit geld ook van volk, vaderland, vryheid, „erfpand der vaderen" [24]) Die gelowige mag, terwyl hy bely dat sy burgerskap in die hemele is, omdat God sy sonde vergewe het en hom as kind aangeneem het, ook sy burgerskap van hierdie volk met hierdie vaderland en hierdie erfpand, dankbaar en vreugdevol uit God se hand aanneem. En om dit te kan doen hoef hy hom nie eers daarvan te oortuig dat hierdie daad christelik is nie „weil Christentum und Volkstum in ihm eine unlösliche Ehe eingegangen sind . . . Der Christ liebt sein Volk, das nicht Gottes Volk ist, das theologisch, biblisch gesprochen, von den Heidenvölkern herkommt, weil er mit diesem Volk von der Geduld Gottes sich getragen weisz". [25])

Die gelowige sal dan ook weet dat hy positiewe verpligtinge het teenoor hierdie volk waarin hy gewortel is. By Paardekraal is hierdie verpligtinge saamgevat onder „erfpand der vaderen", trou aan land en volk, bereidwilligheid om te stry vir die herstelling van die verlore vryheid, selfs tot die dood toe. En in 'n noodsituasie, soos die ten tyde van Paardekraal, kan 'n volk dit ten regte van sy onderdane eis dat hierdie trou en bereidwilligheid ook met 'n eed voor God bevestig sal word.

C. **Vir wie hierdie geloftes bindend is :**

Die sinvolheid van ons geloftedagvierings hang daarvan af of hierdie geloftes vir ons ook bindend is. Ook moet ons vra of dit bindend byvoorbeeld is vir vreemdelinge wat nou Suid-Afrikaanse burgerskap aanvaar.

Die manne van 1838 en 1880 het so voor God en met God gespreek dat hulle ook hulle kinders en nageslagte gebind het. Oor die vraag of hulle die reg daartoe gehad het om hulle kinders en nageslag ook te verbind, hoef ons nie verder hier op in te gaan nie. Hulle het daarvoor duidelike bybelse voorbeelde gehad soos

---

22) Vergelyk B. J. Engelbrecht, **Geloftedag** No. 5, bl. 3.
23) B. J. Engelbrecht, in a.w. bl. 3.
24) „Erfpand der vaderen" is seker nie net die vryheid van die Republiek nie, maar alles waarvoor die volk toe gestaan het en wat uit die verlede meegebring is. Die Manifes van Retief sal dan hier ook nadergetrek moet word.
25 Alfred de Quervain, **Kirche Volk und Staat Ethik II,** Zürich, S. 181.

hierbo geblyk het.

Daar is egter mense wat meen dat hierdie gelofte van 1838 alleen bindend is vir die afstammelinge van die manne wat dit gemaak het, en dat slegs hierdie mense se nageslagte verantwoordelik is vir die betaal van die gelofte.

Ons moet hier egter nog die twee volgende sake by oorweeg:

i) Eerstens die feit dat hierdie gelofte dikwels hernu is: So 'n hernuwing het in 1880 by Paardekraal plaasgevind. Daar het ongeveer 5,000 burgers deelgeneem aan 'n klipstapeling wat deur hulle gesien is as 'n herhaling en 'n bevestiging van die gelofte van 1838. Op die 16de Desember 1900 is die gelofte op die selfde wyse herhaal en bevestig deur ongeveer 2,000 mens wat op Nooitgedacht aan die Magaliesberge vir geloftefees bymekaar was. Deur hierdie bevestigings en hernuwings van die geloftes wat ook op ander plekke en op ander tye gevolg het, het die geloftes opgehou om net die saak van 'n klein groepie mense te wees.

ii) Tweedens dat reeds nog op 16 Desember 1838 die oorwinning van daardie dag gesien is as God se werk en het die geloof die oorwinning verklaar as die antwoord van God op die gelofte-gebed wat voor die slag gemaak is. Nog die selfde dag sê Cilliers: „Zeggen wij dan niet onze handen en ons dapperheid hebben de overwinning behaald". [26])

Die geloof het dus op 'n dubbele wyse die verbinding van hierdie volk met God gesien na Bloedrivier: eerstens deur die gelofte wat deur mense gemaak is, maar tweedens — en dit weeg by verre die swaarste — deur God self wat die oorwinning oor barbarisme en despotisme gegee het.

Na ons mening kan hierdie **geloofsinterpretasie** van die gebeure van Bloedrivier (en ook van Majuba, wat gesien is as antwoord van God op die bevestiging en vernuwing van die gelofte van 1838 op Paardekraal) alleen verwerp word vanuit die ongeloof.

Vanuit hierdie oorwegings wil ek voluit aansluit by

---

[26]) Gerdener, a.w. 125.

by die slotsom waartoe **Prof. B. J. Engelbreht** [27]) oor hierdie aangeleentheid geraak het :

> „Ek glo dat dit uit die gelofte self duidelik is dat dit almal insluit en bind wat burgerreg in Suid-Afrika het en dus tot die volk van Suid-Afrika behoort . . . elkeen wat burgerreg in Suid-Afrika wil verkry en die binding en draagkrag van hierdie gelofte nie wil aanvaar nie, goed doen om liewer nie tot hierdie stap oor te gaan nie. Verder dink ek dat die owerheid die plig het om i.v.m. hierdie baie belangrike en ernstige saak van die gelofte voorligting te gee i.v.m. toekomstige burgerskap.
>
> Diegene wat alreeds burger is, en hierdie binding en verantwoordelikheid van die gelofte nie wil aanvaar nie, sal dan ook volgens die gelofte „van deze plaats weg moeten gaan" d.w.s. sal dan ook hierdie burgerskap prys moet gee aangesien hierdie verantwoordelikheid seker die belangrikste element van die Suid-Afrikaanse burgerskap is".

Ons glo dat ons soortgelyke dinge van die „gelofte" van 1880 moet sê : Om „trouw te hou aan land en volk en met het oog op God zamen te werken, tot den dood toe", **toe** „voor de herstelling van de vrijheid onzer Republiek", **nou** vir die bewaring van die vryheid, moet voluit die vereiste bly wat van elke burger van die land en van elkeen wat hierdie burgerskap wil aanvaar, gevra moet word.

**D. Die Bybelse norme wat die lewe van 'n volk in die hede beheers wat in verantwoordelikheid ten opsigte van sy toekoms ook uit sy verlede leef :**

**Prof. Pont** [28]) het reg as hy stel dat dit ook die taak van die teologiese denke van die Kerk in die Republiek is om die implikasies van hierdie twee geloftes vir die kerk en volk na te gaan. Dit sal seker nie net die regte betekenis van die geloftes en die verpligtinge wat dit op ons lê in die hede na vore bring nie, maar ons ook verplig om na te dink oor die bybelse norme wat die lewe van 'n volk in die hede beheers wat in verantwoordelikheid vir sy toekoms ook in sy verlede waarvan hy hom nooit kan losmaak, sonder om op te hou wees wat hy is nie, telkens weer te gaan soek na dit wat hom gemaak het wat hy is nie. Die nood-

---

[27]) B. J. Engelbrecht. Almanak 55ste Jaargang. bl. 148.
[28]) A. D. Pont, **Die Hervormer,** Jaargang LIV, Nr. 11, bl. 5.

saaklikheid van die vrae na hierdie bybelse norme sal seker deur elkeen toegestem word.

i) Hierdie volk en hierdie vaderland is nie die ewige volk en die ewige vaderland nie, maar die volk wat by die wederkoms van Christus sal ophou om te wees. Verabsolutering van die volk sal die inbraak van die demoniese wees. Selfheerlike en selftevrede nasionalisme is 'n bedreiging waarteen elke volk moet waak. Die soek van die Koninkryk van God as die hoogste lewenswaarde mag deur niks verdring word nie. „'n Volk wat sy lewe losmaak van die werklikheid van die toekoms van God, is soos iemand wat sinneloos en uitsigloos verdwaal is en in 'n sirkel rondloop in die donker". [29])

Aan die anderkant mag egter ook nie vergeet word nie dat gebonde aan hierdie hoogste waarde ook ons volk-wees en wat daarin vir ons mooi en waardevol is, sin en nut het. Hierdie verband word gewoonlik nie meer raakgesien deur hulle wat blindweg elke soort nasionalisme veroordeel nie. Hierdie mense gaan bowendien ook nog minagtend verby aan die genade en geduld waarmee God én gelowige én volk dra en verdra.

ii) Verder sal die implikasies van die christelike toekomsverwagting vir volk, volksdiens en geskiedenis nagegaan moet word. Dit hou hoofsaaklik die volgende in :

a) Omvang deur hierdie Evangelie van hoop, is ook hierdie volk se geskiedenis geskiedenis wat oppad is na die voleinding van alle geskiedenis in die wederkoms van Christus. Weliswaar sal dan ook hierdie volk ophou om te bestaan, maar op daardie dag sal dit blyk dat hierdie volk nie tevergeefs geleef het nie — nie omdat ons sulke voortreflike mens was nie — maar omdat Christus die sin en sy wederkoms die einde van alle geskiedenis is.

b) Vanuit hierdie verblydende en vertroostende Evangelie van hoop, is ook ons volksdiens sinvol. Ons mag ons met vreugde daaraan wy. Ten alle tye moet ons egter onthou dat hierdie vryheid van ons begrens is deur verantwoordelikheid aan die hoogste Regter wat aan die kom is. Dus : ook in ons volksdiens kan niemand maar maak soos hy wil nie, maar ook hier sal die wil, woord en wet van God die enigste wil, woord en wet moet wees. Wat Paulus van ons bouwerk in die kerk sê, moet onverkort vir ons bouwerk aan ons volk ook geld (vergelyk 1 Kor. 3:9vv).

---

[29]) B. J. Engelbrecht, **Geloftedag**, No. 5, bl. 3.

Ook hier kan daar geen ander fondament wees as die een wat gelê is nie, dit is Christus (1 Kor. 3:11). Slegs wanneer hierdie bouwerk van ons verbind is met die Christus wat gekom het en weer sal kom, kan dit duursaamheid en waarde voor God besit. Losgemaak van Hom het dit slegs tydelike betekenis in die raamwerk van die voorkomende goedheid van God.

c) „Binne die raamwerk van ons verantwoordelikheid voor God" val ons verantwoordelikheid ten opsigte van ons volksgeskiedenis. 'n Volk kan hom nie van sy verlede losmaak nie. Sy verlede is altyd ook deel van sy hede en sy toekoms. Die Bybel stel egter ten opsigte van ons verhouding tot ons geskiedenis twee grense:

i) Die Bybel eis van ons dankbaarheid.

Die belangrikste en die enigste werklik-waardevolle in die geskiedenis, is alleen aan die goedheid en genade van God te wyte. Dit is nie ons of ons vaders se prestasie nie. Ook hier geld „laat niemand dan op mense roem nie" (1 Kor. 3:11), „maar wie roem moet in die Here roem" (2 Kor. 10:17).

ii) Die Bybel eis van ons ootmoed. „Die geskiedenis is nou eenmaal so dat goed en kwaad in een patroon daarin saamgeweef is. Die goeie daarin kom uit Gods hand; die slegte kom deur ons sonde en die sonde van ons vaders. En daarom pas hier die ootmoed en die gebed om vergewing — dankbaarheid teenoor God vir sy goedheid; skuldbelydenis vanweë ons swakheid en sonde. En omdat die geskiedenis altyd hierdie dubbele karakter van genade én sonde insluit, mag ons nooit ewige waarhede en beginsels uit ons geskiedenis aflei nie. Dit wil en voorsienigheid van God is nooit direk uit ons volksgeskiedenis af te lees nie. Anders gesê: Ons geskiedenis mag nooit met die heilsgeskiedenis van die Bybel gelykgestel word nie. Die Bybel moet altyd maatstaf van ons geskiedenis bly, omdat ons geskiedenis altyd die dubbele dwaalweg van sonde en menslike feilbaarheid inhou. Tereg sê Artikel VII van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat „geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ookal gewees het", met die Bybel gelykgestel kan word nie, en ook nie die gewoonte of opvolging van tye of persone met die waar-

heid van God nie. Dit geld netso van ons volksgeskiedenis". [30])

Ons het dus nie die reg om die hoogtepunte in ons volksgeskiedenis so te interpreteer dat ons dit sondermeer met God se wil gelykstel omdat God eenmaal by Bloedrivier „ja" gesê het op die gelofte nie. Israel bly die voorbeeld van die onmoontlikheid van hierdie redenasie : God het wel vir Israel uit Egipteland uitgelei en die beloofde land aan hulle geskenk, maar dit het nie gedien as waarborg dat hulle nie later in ballingskap weggevoer sou word nie. Die feit dat God die gelofte-gebed van 16 Desember 1838 verhoor het, kan nie dien as waarborg vir 'n verder-onfeilbare geskiedenis van ons volk nie. God moet God bly! Hy kan nie gedagteloos of willekeurig voor ons volkskarretjie ingespan word om ons te bring waar ons graag wil wees nie! Ook in die volksgeskiedenis is daar dus geen ander weg as die weg van gehoorsaamheid aan God, dankbaarheid vir God se goedheid en die belydenis van ons skuld nie.

Aan die anderkant sal ons ook 'n woord moet spreek teenoor mense wat vanuit een of ander anti-nasionalisme, integrasie-„teologie" of watter ander oord ookal, die vir ons singewende gedeelte van ons geskiedenis en volkslewe, wil afmaak met die bewering dat die Afrikanervolk en sy voorsate eintlik net vanuit die Ou Testament lewe. Nie net die Ou Tentament alleen nie, maar sekerlik ook nie net die Nuwe Testament alleen nie, maar die **hele** Heilige Skrif in sy eenheid, is die enigste lig waaronder ons ons geskiedenis en ons volkslewe reg kan waardeer. Dit sal ons nooit wil bestry nie. Net hierdie onverkorte Heilige Skrif bevat die wil van God volkomelik, en dit sal altyd die taak van die teologiese denke onder hierdie volk wees om hierdie enigste norm toe te pas op die interpretasie wat ons aan ons geskiedenis gee sowel as op die volkslewe in sy geheel. Maar ons sal ook aan hierdie kritici moet stel dat daar ook net een norm is waaronder hulle teologiese denke val, naamlik hierdie selfde onverkorte Heilige Skrif in sy eenheid van Ou- en Nuwe Testament. Die vermoede bestaan by ons dat hulle hierdie verwyt maak juis vanuit 'n verkorting van die Heilige Skrif, dat hulle alleen net vanuit die Nuwe Testament wil praat. Hierdie vermoede is alleen maar versterk deur die kontak wat ons met die teologie van Wêreldraad van Kerke gehad het en hulle navolgers met hulle byna eensydige verkondiging van Christus as

---

[30]) B. J. Engelbrecht, **Geloftedag**, No. 5, bl. 4.

die „Social Reformer" van hierdie wêreld, as die groot Voorbeeld wat ons moet navolg om in die hemel te kom en as die Stigter van die Koninkryk van God op aarde wat nou nog slegs deur christene voltooi moet word. Ten regte stel **prof. Pont** [31]) dat 'n mens nie so oor Christus sal kan dink as die Ou Testament sy regmatige plek in die teologiese denke inneem nie, dit wil sê, wanneer die Heilige Skrif onverkort geld nie.

[31]) A. D. Pont, in a.w. bl. 6.